**TEGNOLOGIE**

**MODULE 2: KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE**

**EENHEID 2: Grafiese kommunikasie**

**TOETS**

1. Wat beteken die woord 'konvensies'? ______________________________________________
2. Konvensies sluit die gebruik van _____________ in
3. Hoe word die buitelyne gewoonlik geteken en hoekom word dit so geteken?

   ______________________________________________________________________
4. Wat is verborge lyne en hoe word dit geteken?

   ________________________________________________________________________
5. Waar of vals: As 'n onsigbare lyn met 'n sigbare lyn verbind, moet die eerste strepie aan die sigbare lyn raak ______________
6. Wat is 'n skaal? ______________________________________________________________
7. Afmetings bestaan uit:

   a) _____________

   b) _____________

   c) _____________
8. Wat beteken die woord '**maatskrywing**' en hoe word dit geteken? ________________________

   ________________________________________________________________________
9. Hoe word aangedui waar die afmeting begin en eindig? __________________________________

   ________________________________________________________________________
10. Watter meeteenheid word gewoonlik gebruik? ____________
11. Wat beteken tweedimensioneel? __________________________________________

SAMPLE

# MEMORANDUM

1. Wat beteken die woord 'konvensies'? **'n Manier om te werk te gaan of iets te doen wat as normaal en korrek aanvaar word**
2. Konvensies sluit die gebruik van **simbole** in
3. Hoe word die buitelyne gewoonlik geteken en hoekom word dit so geteken? **Met dik, donker sterk lyne, want die gee die basiese vorm van die ontwerp**
4. Wat is verborge lyne en hoe word dit geteken? **Dit toon die aspekte van die produk aan wat nie sigbaar is nie en word as kort gebroke lyne geteken**
5. Waar of vals: As 'n onsigbare lyn met 'n sigbare lyn verbind, moet die eerste strepie aan die sigbare lyn raak **Waar**
6. Wat is 'n skaal? **Dis die verhouding tussen die grootte van 'n tekening en die grootte van die werklike voorwerp**
7. Afmetings bestaan uit:
    a) **Lengte**
    b) **Breedte**
    c) **Hoogte**
8. Wat beteken die woord '**maatskrywing**' en hoe word dit geteken? **Dis om al die aspekte in die tekening in te sluit wat nodig is om die produk te bou en word geteken met dun, aaneenlopende lyne**
9. Hoe word aangedui waar die afmeting begin en eindig? **Daar word twee lyne geteken wat nie aan die voorwerp raak nie**
10. Watter meeteenheid word gewoonlik gebruik? **mm**
11. Wat beteken tweedimensioneel? **Net die deel van die voorwerp wat gesien kan word**

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

**KWARTAAL 3:**

**EENHEID 1: Gesondheids-, sosiale en omgewings-verantwoordelikheid: Dwelmmisbruik**

## TOETS

1. Wat beteken die volgende woorde?

    a) Intrapersoonlike: ______________________________

    b) Interpersoonlike: ______________________________

2. Noem 5 soorte dwelms wat wettig is:

    a) ______________________________________

    b) ______________________________________

    c) ______________________________________

    d) ______________________________________

    e) ______________________________________

3. Wat is '**onwettige middels**'? ______________________________________________________________

4. **Voltooi:** Jy kan 'n _______ kry as jy onwettige middels besit of ________ toe gaan, want die middels is baie skadelik en lei tot _______________ of selfs die dood

5. Noem 6 onwettige middels wat in Suid-Afrika gebruik word:

    a) ____________

    b) ____________

    c) ____________

    d) ____________

    e) ____________

    f) ____________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

6. **Voltooi:** Die gebruik van dagga kan lei tot hart- en ____________ en mans onvrugbaar maak. Dit beïnvloed ook mense se _________tyd. ___________ word ook knope, mandies of whites genoem en kom in die vorm van ___________. ____________ is die grootste mandraxgebruiker in die wêreld

7. Watter dwelm is bekend as die 'liefdesdwelm'? ______________________

8. Watter dwelms word meeste in die Wes-Kaap aangetref? __________________

9. Wat is die simptome as jy aan tik verslaaf is?
   ________________________________________________
   ____________________________________________________________________________________

10. **Voltooi:** ___________ is 'n wit poeier en staan ook bekend as ______, snort of witpoeier. Dit laat jou 'hoog' voel, maar jy gaan daarna in 'n _________. Oor die langtermyn veroorsaak dit _______- en longsiektes en breinskade. _________ staan ook bekend as 'H' en het dieselfde uitwerking as kokaïen. _________ is 'n heroïen-gebaseerde dwelm en raak ongeveer 70% van die huishoudings in die voorstede van Durban. Nyaope is 'n mengsel van ________ en heroïen en is baie gewild onder die township-jeug

11. Noem 7 liggaamlike veranderinge hoe ons dwelmmisbruik aan 'n persoon kan identifiseer:
    a) ________________________________
    b) ________________________________
    c) ________________________________
    d) ________________________________
    e) ________________________________
    f) ________________________________
    g) ________________________________

SAMPLE

12. Noem 5 emosionele verandering wat ons kan identifiseer as iemand 'n verslaafde is:

a) ____________________________________________________________________________

b) ____________________________________________________________________________

c) ____________________________________________________________________________

d) ____________________________________________________________________________

e) ____________________________________________________________________________

f) ____________________________________________________________________________

13. Noem 6 redes hoekom tieners dwelms gebruik:

a) ___________________________________

b) ___________________________________

c) ___________________________________

d) ___________________________________

e) ___________________________________

f) ___________________________________

14. Noem 3 faktore van interpersoonlike faktore wat kan lei tot verslawing:

a) ______________________________

b) ______________________________

c) ______________________________

15. Wat is '**beskermende faktore**'? ____________________________________________________________

16. **Voltooi:** Die vroeë opsporing en _________ is die beste manier om die dwelmprobleem te hanteer. In 2002 het die regering die _______________bewustheidsveldtog geloods. Ke moja beteken '_________________________'. In 2011 het die regering met 'n ______________plan vir 'n teenmiddelmisbruik-aksieprogram vorendag gekom

Kopiereg @ StudyBoss



SAMPLE

17. Noem 7 van die voorkomingsmaatreëls waaroor hulle ooreengekom het:

a) ___________________________________________________________________________

b) ___________________________________________________________________________

c) ___________________________________________________________________________

d) ___________________________________________________________________________

e) ___________________________________________________________________________

f) ___________________________________________________________________________

g) ___________________________________________________________________________

SAMPLE

## MEMORANDUM

1. Wat beteken die volgende woorde?
    a) Intrapersoonlike: **Iets binne jouself**
    b) Interpersoonlike: **Tussen twee of meer mense**
2. Noem 5 soorte dwelms wat wettig is:
    a) **Medikasie wat deur dokters voorgeskryf word, soos antibiotika**
    b) **Hoes-, verkoue-, slaap en dieetmedikasie**
    c) **Kafeïen**
    d) **Nikotien**
    e) **Alkoholiese drank**
3. Wat is '**onwettige middels**'? **Middels wat mense volgens regeringsverbod nie mag besit nie, want dis gevaarlik vir jou gesondheid**
4. **Voltooi:** Jy kan 'n **boete** kry as jy onwettige middels besit of **tronk** toe gaan, want die middels is baie skadelik en lei tot **verslawing** of selfs die dood
5. Noem 6 onwettige middels wat in Suid-Afrika gebruik word:
    a) **Dagga**
    b) **Mandrax**
    c) **Ecstasy**
    d) **Tik**
    e) **Kokaïen**
    f) **Heroïen**
6. **Voltooi:** Die gebruik van dagga kan lei tot hart- en **longsiektes** en mans onvrugbaar maak. Dit beïnvloed ook mense se **reaksie**tyd. **Mandrax** word ook knope, mandies of whites genoem en kom in die vorm van **tablette**. **Suid-Afrika** is die grootste mandraxgebruiker in die wêreld
7. Watter dwelm is bekend as die '**liefdesdwelm**'? **Ecstasy**
8. Watter dwelms word meeste in die Wes-Kaap aangetref? **Tik of strooi**
9. Wat is die simptome as jy aan tik verslaaf is? **Gebruikers ly aan intense en baie aggressiewe gemoeds-toestandveranderinge en kry breinskade**

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

10. **Voltooi:** **Kokaïen** is 'n wit poeier en staan ook bekend as **coke**, snort of witpoeier. Dit laat jou 'hoog' voel, maar jy gaan daarna in 'n **depressie**. Oor die langtermyn veroorsaak dit **hart**- en longsiektes en breinskade. **Heroïen** staan ook bekend as 'H' en het dieselfde uitwerking as kokaïen. **Sugars** is 'n heroïen-gebaseerde dwelm en raak ongeveer 70% van die huishoudings in die voorstede van Durban. Nyaope is 'n mengsel van **dagga** en heroïen en is baie gewild onder die township-jeug

11. Noem 7 liggaamlike veranderinge hoe ons dwelmmisbruik aan 'n persoon kan identifiseer:

    a) **Gewigsverlies**
    b) **Slegte gelaatskleur**
    c) **Kringe onder die oë**
    d) **Rooi oë**
    e) **Aanhoudende hoes of verkoues**
    f) **Aanvalle van duiseligheid**
    g) **Verandering in slaap- en eetgewoontes**
    h) **Veluitslag**
    i) **Konstante moegheid**
    j) **Bewerige hande**
    k) **Ontsteekte neusvleuels en 'n loopneus**
    l) **Rukkerige liggaamsbewegings**
    m) **Agteruitgang in persoonlike higiëne**
    n) **Ruik na alkohol of ander dwelms**

SAMPLE

12. Noem 5 emosionele verandering wat ons kan identifiseer as iemand 'n verslaafde is:

    a) **Buie wat wissel van baie gelukkig na depressief**
    b) **Bring al hoe meer tyd alleen deur**
    c) **Persoonlikheidsveranderinge wat wissel van energiek en uitgaande tot depressief en stil**
    d) **Blameer ander vir alles**
    e) **Is heeltemal selfgefokus**
    f) **Het 'n swak selfbeeld**
    g) **Swak oordeelsvermoë**

Kopiereg @ StudyBoss

13. Noem 6 redes hoekom tieners dwelms gebruik:

    a) **Om spanning te verlig**

    b) **Ontspanne te wees**

    c) **Om kalm te bly**

    d) **Om die pyn te verdoof**

    e) **Om te ontsnap**

    f) **Voel nie goed genoeg nie**

    g) **Om eensaamheid weg te neem**

    h) **Om hartseer te stop**

14. Noem 3 faktore van interpersoonlike faktore wat kan lei tot verslawing:

    a) **Groepsdruk**

    b) **Familieomgewing**

    c) **Sosiale en omgewingstoestande**

15. Wat is '**beskermende faktore**'? **Dis faktore wat die kanse sal verminder dat 'n persoon met middelmisbruik sal eksperimenteer**

16. **Voltooi:** Die vroeë opsporing en **voorkoming** is die beste manier om die dwelmprobleem te hanteer. In 2002 het die regering die **Ke moja-dwelm**bewustheidsveldtog geloods. Ke moja beteken '**dit gaan goed met my sonder dwelms**'. In 2011 het die regering met 'n **vyfjaar**plan vir 'n teenmiddelmisbruik-aksieprogram vorendag gekom

17. Noem 7 van die voorkomingsmaatreëls waaroor hulle ooreengekom het:

    a) **Strenger wette moet ingestel word om die produksie, voorsiening en gebruik van alkohol te beheer**

    b) **Verhoog die ouderdom waarop alkohol gekoop/gedrink mag word vanaf 18 na 21**

    c) **Beperk tye en weeksdae wanneer alkohol wettig verkoop kan word**

    d) **Verminder die aantal alkoholverkooppunte**

    e) **Reguleer en beheer tuisbrouerye in die plattelandse gebiede**

    f) **Stel swaarder vonnisse in vir 'n dwelmverwante oortreding**

    g) **Beheer die advertensie van alkohol**

    h) **Verban borgskappe deur die alkoholbedryf vir sport, ontspanning, kuns en kultuurgebeure**

Kopiereg @ StudyBoss

SAMPLE

i) **Gebruik verskillende benaderings tot voorkoming soos programme wat families en skole, asook jeug- en sportontwikkelingsprogramme teiken**

j) **Verbeter nasorgdienste vir kinders en jongmense**

SAMPLE

**NATUURWETENSKAPPE**

**Kennisafdeling 1: LEWENDE EN LEWENDE DINGE**

**ONDERWERP 2: BIODIVERSITEIT**

**EENHEID 2: Diversiteit van diere**

# TOETS

1. Gee die definisie van die volgende woorde:
   a) Gewerweldes: ____________________________________________________________
   b) Ongewerweldes: _________________________________________________________
   c) Voelers: _______________________________________________________________

2. In watter 5 groepe word gewerwelde diere geklassifiseer?
   a) ______________________
   b) ______________________
   c) ______________________
   d) ______________________
   e) ______________________

3. Noem 5 onderskeidende eienskappe van die vis:
   a) _____________________________________________
   b) _____________________________________________
   c) _____________________________________________
   d) _____________________________________________
   e) _____________________________________________

4. **Vul die ontbrekende woorde in:**

   Amfibieë kan op land leef, maar plant net voort in ______________. Hulle kan nie hul eie ____________________ beheer nie, maar het hitte uit die _______________nodig om hulle warm te hou. Hul lê eiers in ___________, wat uitbroei as ____________, wat _______________ genoem word en deur ____________ asemhaal. Volwasse amfibieë ontwikkel ___________ en kan buite die water leef, want hul kan _____________inasem

Kopiereg @ StudyBoss

5. **Waar of vals:**
   a) Reptiele kan op land en water leef: __________________
   b) Reptiele kan hul eie liggaamstemperatuur beheer: ________________________
   c) Reptiele se velle het skubbe en sommige plekke hare: ____________________
   d) Reptiele plant voort deur eiers te lê met 'n harde waterdigte dop: ________________
   e) Reptiele haal deur longe asem: _______________

6. Met wat is 'n voël se vel bedek? _________________

7. Wat word die 2 voorste ledemate van 'n voël genoem? _________________

8. Noem 2 soorte voëls wat nie kan vlieg nie:
   a) __________________________
   b) __________________________

9. Noem 3 soogdiere wat in water leef:
   a) ______________________
   b) ______________________
   c) ______________________

10. Beskryf die temperatuur van soogdiere: ______________________

11. Met wat is soogdiere se vel bedek? __________________________

12. Hoe word soogdiere se kleintjies gevoed? _________________________________

13. Hoe word soogdiere se kleintjies gebore? ___________________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

14. Uit watter 2 groepe bestaan die ongewerweldes?

a) ___________________________

b) ___________________________

15. Watter eienskap het alle ongewerweldes? ______________________________________________

16. Noem 3 voorbeelde van geleedpotiges:

a) _________________________

b) _________________________

c) _________________________

17. Wat is ‘n ander naam vir ‘n harde uitwendige bedekking? ______________________

18. Uit watter 3 dele bestaan die liggame van geleedpotiges?

a) ____________________

b) ____________________

c) ____________________

19. Die liggaamsdele is verdeel in afdelings, wat _______________ genoem word

20. Noem die 3 hoofverskille tussen die verskillende klasse geleedpotiges:

a) ______________________________

b) ______________________________

c) ______________________________

21. Deur wat word die liggaam van weekdiere bedek? ________________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

22. In watter 3 dele word die liggaam van weekdiere verdeel?

a) ________________________

b) ________________________

c) ________________________

23. Waarmee voel weekdiere? __________________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

## MEMORANDUM

1. Gee die definisie van die volgende woorde:

   a) Gewerweldes: **Diere met 'n ruggraat**

   b) Ongewerweldes: **Diere sonder 'n ruggraat**

   c) Voelers: **Tasorgaan om die omgewing waar te neem**

2. In watter 5 groepe word gewerwelde diere geklassifiseer?

   a) **Visse**

   b) **Amfibieë**

   c) **Reptiele**

   d) **Voëls**

   e) **Soogdiere**

3. Noem 5 onderskeidende eienskappe van die vis:

   a) **Visse is waterwerweldiere – hulle leef in water**

   b) **Hulle kan nie hul eie liggaamstemperatuur beheer nie**

   c) **Hulle het die hitte uit die omgewing nodig om hul liggaam warm te hou**

   d) **Die vel is gewoonlik met skubbe bedek**

   e) **Hulle ledemate het in vinne verander om te kan swem**

   f) **Hulle haal asem deur kieue**

   g) **Hulle lê eiers wat in water moet wees**

4. **Vul die ontbrekende woorde in:**

   Amfibieë kan op land leef, maar plant net voort in **water**. Hulle kan nie hul eie **liggaamstemperatuur** beheer nie, maar het hitte uit die **omgewing** nodig om hulle warm te hou. Hul lê eiers in **water**, wat uitbroei as **larwes**, wat **paddavissies** genoem word en deur **kieue** asemhaal. Volwasse amfibieë ontwikkel **longe** en kan buite die water leef, want hul kan **lug** inasem

Kopiereg @ StudyBoss

SAMPLE

5. **Waar of vals:**
    a) Reptiele kan op land en water leef: **Waar**
    b) Reptiele kan hul eie liggaamstemperatuur beheer: **Vals, hulle het hitte uit die omgewing nodig om hulle warm te hou**
    c) Reptiele se velle het skubbe en sommige plekke hare: **Vals, die vel het skubbe maar geen hare of vere nie**
    d) Reptiele plant voort deur eiers te lê met 'n harde waterdigte dop: **Waar**
    e) Reptiele haal deur longe asem: **Waar**
6. Met wat is 'n voël se vel bedek? **Vere**
7. Wat word die 2 voorste ledemate van 'n voël genoem? **Vlerke**
8. Noem 2 soorte voëls wat nie kan vlieg nie:
    a) **Pikkewyne**
    b) **Volstruise**
9. Noem 3 soogdiere wat in water leef:
    a) **Walvisse**
    b) **Dolfyne**
    c) **Robbe**
10. Beskryf die temperatuur van soogdiere: **Konstant**
11. Met wat is soogdiere se vel bedek? **Hare of pels**
12. Hoe word soogdiere se kleintjies gevoed? **Melk van die moeder soogdier**
13. Hoe word soogdiere se kleintjies gebore? **Lewend**
14. Uit watter 2 groepe bestaan die ongewerweldes?
    a) **Geleedpotiges**
    b) **Weekdiere**
15. Watter eienskap het alle ongewerweldes? **Hulle het nie 'n inwendige skelet met 'n ruggraat nie**
16. Noem 3 voorbeelde van geleedpotiges:
    a) **Sprinkane, krap, bosluis, skerpioen, skoenlapper, kreef**
    b) **Vlieg**
    c) **Spinnekoppe**

SAMPLE

17. Wat is 'n ander naam vir 'n harde uitwendige bedekking? **Eksoskelet**

18. Uit watter 3 dele bestaan die liggame van geleedpotiges?

   a) **Kop**

   b) **Borsstuk**

   c) **Agterlyf**

19. Die liggaamsdele is verdeel in afdelings, wat **segmente** genoem word

20. Noem die 3 hoofverskille tussen die verskillende klasse geleedpotiges:

   a) **Die aantal liggaamsverdelings**

   b) **Die aantal pote**

   c) **Die aantal voelers**

21. Deur wat word die liggaam van weekdiere bedek? **Met 'n skulp**

22. In watter 3 dele word die liggaam van weekdiere verdeel?

   a) **Kop**

   b) **Spiervoet**

   c) **Ingewandsmassa**

23. Waarmee voel weekdiere? **Tentakels**

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

**KWARTAAL 3:**

**ONDERWERP 5: BEVOLKINGSGROEI EN -VERANDERING**

## EENHEID 2: Faktore wat geboorte- en sterftesyfers beïnvloed

# TOETS

1. Gee die definisie van die volgende woorde:
   a) Parasiete: ____________________________________________________________
   b) Dehidrasie: ____________________________________________________________
   c) Elektroliete: ___________________________________________________________

2. Watter pandemie het in die 18de en 19de eeu baie sterftes veroorsaak? ________________________

3. Noem 4 siektes wat nog steeds die geboortesyfer beïnvloed?
   a) ____________________
   b) ____________________
   c) ____________________
   d) ____________________

4. Wat was 'n ander naam vir Die Swart Dood? _________________________

5. Hoe is die Swart Dood oorgedra? __________________________________

6. **Voltooi:** Kinderpokke is 'n akute aansteeklike _________ siekte met koors en sweertjies wat permanente letsels laat. Dit het in 1713 by die ______________ in die Kaap uitgebreek wat deur die bemanning van 'n ______________ skip uit die Ooste na die Kaap gebring. Die pokke het die inheemse _____________-mense amper heeltemal uitgewis, want hulle het minder weerstand teen die siekte gehad

7. Watter deel in die liggaam tas MIV en vigs aan? ______________________

8. Hoeveel mense het teen 2005 al van MIV en vigs gesterf? _____________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

9. Hoe word TB versprei? ______________________________________________________________

10. Hoeveel lande is hoë risiko lande wat tering betref? ____________

11. Watter siekte wat deur 'n infeksie in die maag en ingewande veroorsaak word, veroorsaak dehidrasie?

________________

12. Noem 3 hooffaktore wat diarree veroorsaak?

a) _____________________

b) _____________________

c) _____________________

13. Ontwikkelde lande het gewoonlik lae geboortesyfers, lae sterftekoers en 'n hoë lewensverwagting. Wat is die redes daarvoor?

a) ______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

b) ______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

SAMPLE

14. In sommige lande word kinders as _________en statussimbole beskou en om baie kinders te hê dui op _________________

15. Konflik en oorloë laat die geboortesyfer afneem en die sterftesyfer toeneem, om die volgende redes:

a) ________________________________________________________________

b) ________________________________________________________________

c) ________________________________________________________________

d) ________________________________________________________________

e) ________________________________________________________________

Kopiereg @ StudyBoss

16. Watter lande het pro-geboortebeleide ingestel omdat die geboortesyfers te laag was?

a) ______________________

b) ______________________

c) ______________________

17. Watter lande het ‘n te hoë geboortesyfer gehad en teengeboortebeleide ontwikkel?

a) ___________

b) ___________

18. Watter beleid het China in 1978 ingestel ten opsigte van geboortes? _________________________

19. Wat was die doel van die eenkindbeleid? ____________________________________________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

## MEMORANDUM

1. Gee die definisie van die volgende woorde:

    a) Parasiete: **Verwys na 'n organisme wat in of op 'n ander organisme leef en voedingstowwe ten koste van die gasheer bekom**

    b) Dehidrasie: **Verlies aan 'n groot volume water uit die liggaam**

    c) Elektroliete: **Dele in die menslike selle wat die selle in staat stel om behoorlik te funksioneer**

2. Watter pandemie het in die 18de en 19de eeu baie sterftes veroorsaak? **Die Swart Dood**

3. Noem 4 siektes wat nog steeds die geboortesyfer beïnvloed?

    a) **MIV en Vigs**

    b) **Tuberkulose (TB)**

    c) **Malaria**

    d) **Diarree**

4. Wat was 'n ander naam vir Die Swart Dood? **Builepes**

5. Hoe is die Swart Dood oorgedra? **Deur vlooie op swart rotte**

6. **Voltooi:** Kinderpokke is 'n akute aansteeklike **virale** siekte met koors en sweertjies wat permanente letsels laat. Dit het in 1713 by die **verversingstasie** in die Kaap uitgebreek wat deur die bemanning van 'n **Hollandse** skip uit die Ooste na die Kaap gebring. Die pokke het die inheemse **Khoisan**-mense amper heeltemal uitgewis, want hulle het minder weerstand teen die siekte gehad

7. Watter deel in die liggaam tas MIV en vigs aan? **Die immuunstelsel**

8. Hoeveel mense het teen 2005 al van MIV en vigs gesterf? **Meer as 25 miljoen mense**

9. Hoe word TB versprei? **Deur die lug, deur 'n bakterie wanneer iemand met TB hoes of nies**

10. Hoeveel lande is hoë risiko lande wat tering betref? **22**

11. Watter siekte wat deur 'n infeksie in die maag en ingewande veroorsaak word, veroorsaak dehidrasie? **Diarree**

12. Noem 3 hooffaktore wat diarree veroorsaak?

    a) **Onveilige water**

    b) **Onvoldoende sanitasie**

    c) **Swak higiëne**

Kopiereg @ StudyBoss



SAMPLE

13. Ontwikkelde lande het gewoonlik lae geboortesyfers, lae sterftekoers en ‘n hoë lewensverwagting. Wat is die redes daarvoor?

    a) **Mense het goeie onderwys en toegang tot gesondheidsgeriewe en hulle is bewus van voorbehoeding en gesinsbeplanning, wat die geboortesyfer laag hou**

    b) **As gevolg van goeie sanitasie, goed geboude huise en goeie diëte word dodelike siektes beperk en meer as 6% van die bevolking bereik die ouderdom van 75 jaar en hoër**

14. In sommige lande word kinders as **bates** en statussimbole beskou en om baie kinders te hê dui op **rykdom**

15. Konflik en oorloë laat die geboortesyfer afneem en die sterftesyfer toeneem, om die volgende redes:

    a) **Baie mans is weg van die huis as hulle as soldate veg**

    b) **Baie soldate sneuwel in die oorlog**

    c) **Baie burgerlikes sterf ook in konflik en oorloë**

    d) **Daar is ook gruweldade, soos volksmoorde**

    e) **Konflik en oorloë vernietig infrastruktuur en hulpbronne wat tot hongersnood, siektes en sterftes onder die burgerlike bevolking lei**

16. Watter lande het pro-geboortebeleide ingestel omdat die geboortesyfers te laag was?

    a) **Frankryk**

    b) **Spanje**

    c) **Italië**

17. Watter lande het ‘n te hoë geboortesyfer gehad en teengeboortebeleide ontwikkel?

    a) **China**

    b) **Indië**

18. Watter beleid het China in 1978 ingestel ten opsigte van geboortes? **Die eenkindbeleid**

19. Wat was die doel van die eenkindbeleid? **Om maatskaplike, ekonomiese en omgewingsprobleme te verminder**

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

**EKONOMIESE EN BESTUURWETENSKAPPE**

**KWARTAAL 1**

**ONDERWERP 4: FORMELE EN INFORMELE BESIGHEDE**

**EENHEID 1: Formele en informele besighede**

## TOETS

1. Verduidelik die betekenis van die volgende woorde:

   a) Sektore: ____________________________________________________________

   b) Informele besigheid: ____________________________________________________

   c) Belasting: ___________________________________________________________

   ___________________________________________________________________

   d) Landelike gebiede: _____________________________________________________

   e) Winsgrens: __________________________________________________________

   f) Groothandelaar: _______________________________________________________

   ___________________________________________________________________

   g) BTW: _______________________________________________________________

   h) Mikro-onderneming: ____________________________________________________

   i) KMMO: _____________________________________________________________

   j) Aandele: ____________________________________________________________

2. Wat verskaf 'n besigheid? ____________________________________________________

   ________________________________________________________________________

3. Besighede wissel van 'n eenmansaak tot 'n groot ______________________________

4. Noem 'n multinasionale korporasie: ______________________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

5. Noem die twee sektore waaruit Suid-Afrika se ekonomie bestaan:

   a) ________________________________________________________________

   b) ________________________________________________________________

6. Hoekom is 'n informele besigheid maklik om te stig?

   a) ________________________________________________________________

   b) ________________________________________________________________

   c) ________________________________________________________________

   d) ________________________________________________________________

   e) ________________________________________________________________

   f) ________________________________________________________________

7. Aan wie verkoop die informele besigheid gewoonlik hul goedere? ____________________________

8. Watter opleiding het jy nodig om 'n informele besigheid te begin? ____________________________

9. Is die winsgrens van 'n informele besigheid hoog of laag? ____________________

10. Wat is 'n formele besigheid? ________________________________________________________

11. Wat moet 'n formele besigheid by die plaaslike owerheid kry voor die besigheid kan begin?

    _________________________________________

12. 'n Formele besigheid moet vir ______________ registreer om belasting te betaal op hulle _________, daarom moet rekords gehou word van alle ___________________________

13. Waar kry jy gewoonlik formele besighede? _____________________________________________

14. Watter reëls moet 'n besigheid nakom wat kos verkoop? __________________________

Kopiereg @ StudyBoss



SAMPLE

15. Hoe word besighede gegroepeer? ________________________________________

16. Hoeveel werknemers het 'n mikro-besigheid? ________________________________

17. Hoeveel werknemers het 'n klein besigheid? ____________________________________

18. **Voltooi**: __________________ besighede is formele besighede met tot 200 mense in diens en word gewoonlik deur 'n ___________________bedryf. Hulle kan streeks- of ______________ takke hê en hulle kan goedere aan klante regoor die land verkoop

19. Watter besighede word KMMO's genoem? _______________________________________

20. Deur wie word groot besighede besit? __________________________________________

21. Hoe word 'n groot besigheid bedryf? ___________________________________________

22. Noem 3 voorbeelde van groot maatskappye:

   a) _______________________

   b) _______________________

   c) _______________________

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss

## MEMORANDUM

1. Verduidelik die betekenis van die volgende woorde:

   a) Sektore: **Afdelings of dele**

   b) Informele besigheid: **'n Besigheid wat nie deur die regering gereguleer of beheer word nie**

   c) Belasting: **'n Betaling aan die regering om vir die voorsiening van goedere en dienste te betaal wat nodig is om die land te bestuur**

   d) Landelike gebiede: **Plattelandse gebiede waar mense woon en werk**

   e) Winsgrens: **Die bedrag wat by die aankoopprys gesit word om die verkoopprys te bepaal**

   f) Groothandelaar: **'n Besigheid wat goedere in groot hoeveelhede by vervaardigers aankoop en dan in kleiner hoeveelhede aan ander winkels of klante verkoop**

   g) BTW: **Belasting wat betaal word op die goedere en dienste wat jy koop**

   h) Mikro-onderneming: **'n Baie klein, informele besigheid met minder as vyf mense in diens**

   i) KMMO: **'n Letternaam vir klein, medium en mikro-ondernemings**

   j) Aandele**: Gelyke dele van 'n besigheid wat deur die publiek gekoop kan word**

2. Wat verskaf 'n besigheid? **Goedere en dienste wat verbruikers nodig het om in hulle behoeftes en begeertes te voorsien**

3. Besighede wissel van 'n eenmansaak tot 'n groot **multinasionale korporasie**

4. Noem 'n multinasionale korporasie: **Die Suid-Afrikaanse Broueryе**

5. Noem die twee sektore waaruit Suid-Afrika se ekonomie bestaan:

   a) **Formele sektor**

   b) **Informele sektor wat bestaan uit 2 miljoen mikro-ondernemings**

6. Hoekom is 'n informele besigheid maklik om te stig?

   a) **Hulle hoef nie reëls na te kom soos formele besighede nie**

   b) **Hulle word nie deur die owerheid gemonitor nie**

   c) **Betaal nie belasting nie**

   d) **Hulle hou nie akkurate rekeningkundige rekords nie**

   e) **Hulle het nie gewoonlik 'n kantoor nodig nie en kan van 'n sypaadjie bedryf word**

   f) **Die eienaar bestuur dikwels sommer self die besigheid**

Kopiereg @ StudyBoss

7. Aan wie verkoop die informele besigheid gewoonlik hul goedere? **Aan relatiewe arm mense**
8. Watter opleiding het jy nodig om 'n informele besigheid te begin? **Geen of baie min**
9. Is die winsgrens van 'n informele besigheid hoog of laag? **Laag**
10. Wat is 'n formele besigheid? **Dis 'n besigheid wat op een of ander manier deur die regering beheer word**
11. Wat moet 'n formele besigheid by die plaaslike owerheid kry voor die besigheid kan begin? **'n Handelslisensie**
12. 'n Formele besigheid moet vir **belasting** registreer om belasting te betaal op hulle **wins**, daarom moet rekords gehou word van alle **besigheidstransaksies**
13. Waar kry jy gewoonlik formele besighede? **In dorpe of stede met 'n vaste adres, soos 'n winkel of kantoor**
14. Watter reëls moet 'n besigheid nakom wat kos verkoop? **Gesondheidsreëls**
15. Hoe word besighede gegroepeer? **Volgens hulle grootte**
16. Hoeveel werknemers het 'n mikro-onderneming? **Minder as vyf**
17. Hoeveel werknemers het 'n klein besigheid? **Tussen 5 en 50**
18. **Voltooi**: **Mediumgroot**besighede is formele besighede met tot 200 mense in diens en word gewoonlik deur 'n **bestuurder** bedryf. Hulle kan streeks- of **nasionale** takke hê en hulle kan goedere aan klante regoor die land verkoop
19. Watter besighede word KMMO's genoem? **Klein, mediumgroot- en mikro-ondernemings**
20. Deur wie word groot besighede besit? **Deur 'n groot aantal mense met aandele in die besigheid**
21. Hoe word 'n groot besigheid bedryf? **Hulle koop en verkoop op groot skaal. Hulle het honderde werkers in diens en het dikwels kantore en takke in meer as een stad of land**
22. Noem 3 voorbeelde van groot maatskappye:
    a) **Banke**
    b) **Klerevervaardigers**
    c) **Mynmaatskappye**

SAMPLE

Kopiereg @ StudyBoss